Alaska & Kanadese Rockies

20 Mei tot 5 Junie 2022

Kom saam op ons 17-dae avontuur na ***Amerika, Alaska & Kanada***. Hoogtepunte is 'n agt-dae bootvaart met die ***Norwegian Jewel*** deur Alaska, asook 'n vyf dae bustoer na die *Kanadese Rockies*. Die spesiale toerkoste beloop **R59 990** per persoon wat 'n kajuit/kamer deel.

Reisplan

Vrydag, 20 Mei **KAAPSTAD/JOHANNESBURG → LONDEN**
Die groot dag breek uiteindelik aan! ***British Airways*** vlug BA058 vertrek om **19:15** vanaf Kaapstad en vlug BA056 om **19:20** vanaf Johannesburg. Oornag aanboord na aandete.

Saterdag, 21 Mei **LONDEN → SEATTLE**
Na ontbyt arriveer ons om **06:15** (vanaf Kaapstad) en **05:30** (vanaf Johannesburg) in Londen. Ons aansluitingsvlug, BA053, vertrek om **09:40** en arriveer om **11:25** (dieselfde dag!) in **Seattle**, in die staat Washington.
Aangesien dit nog te vroeg is om by ons hotel in te bespreek, vertrek ons per bus op 'n drie-ure stadstoer om die hoogtepunte van hierdie mooi stad te sien. Ons sien onder andere die ikoniese *Space Needle* en besoek die bekende *Pike Place Market*. Teen ongeveer **16:00** gaan ons na die ***Hampton Inn Seattle Airport Hotel*** vir oornag.

Sondag, 22 Mei **SEATTLE → ANCHORAGE**
Na 'n heerlike Amerikaanse ontbyt gebruik ons die hotel se shuttle-bussie om na die lughawe te gaan vir ons drie en 'n half uur vlug met ***Alaska Airlines*** na **Anchorage**. Anchorage is die grootste stad in Alaska met 'n bevolking van ongeveer 300 000. Ons gebruik die hotel se gratis *shuttle*-bussie vir die kort entjie na ***The Lakefront Anchorage Hotel***, waar ons vanaand oornag.

Maandag, 23 Mei **ANCHORAGE → SEWARD**
Na ontbyt het ons tyd om Anchorage verder te verken. Om 13:00 vertrek ons sak en pak per bus vanaf ons hotel na **Seward**. Ons maak die *Anchorage to Seward narrated Wildlife tour* mee (met 'n toergids wat die bus vergesel).

- *The tour includes a stop at the Wildlife Conservation Center. There is a chance to see Bears, Moose, Caribou, Bison, Elk, Reindeer, and Musk Oxen. After 'n second scenic stop we will arrive at the port in Seward at about 17:00.*

Die skilderagtige Seward is geleë in die Kenai Skiereiland. Nadat ons aanboord die ***Norwegian Jewel*** gegaan het, is daar vrye tyd om die dorp te voet te verken. Daar is ook tyd vir 'n heerlike eerste buffet-ete aanboord!

Maandag, 23 Mei tot Maandag, 30 Mei **AGT DAE ALASKA-BOOTVAART OP DIE *NORWEGIAN JEWEL***

- Alle maaltye en vermaak, asook hawe-belastings is ingesluit.
- 'n Gratis Internet-pakket van 250 minute is ook vir elke kajuit ingesluit, asook die opsie om by die *Ultimate Beverage Package* (waarvoor die addisionele diensfooie R1 980 pp beloop) in te skakel.
- Opsionele land-ekskursies is beskikbaar en ons sal bystand verleen om dit so billik as moontlik te doen.
- Vaar deur Alaska se bekende "*Inside Passage*", asook deur die *Hubbard* en *Dawes Glaciers*. Die reisplan is as volg:
  - Maandag: Vertrek om **21:00** vanaf Seward
  - Dinsdag: Vaar deur die ***Hubbard Glacier***
    Gesamentlike aandete om 18:00 in die *Azura Restaurant*
  - Woensdag: Besoek ***Icy Strait Point*** van 09:00 tot 19:00
  - Donderdag: Besoek ***Juneau*** van 07:00 tot 13:15
    Vaar vanmiddag deur ***Endicott Arm*** en die ***Dawes Glacier***
  - Vrydag: Besoek ***Skagway*** van 07:00 tot 17:00
  - Saterdag: Besoek ***Ketchikan*** van 13:00 tot 20:00
  - Sondag: Vaar deur die ***Inside Pasage***
    Gesamentlike aandete om 18:00 in die *Tsar's Palace Restaurant*
  - Maandag: Arriveer om **07:00** in Vancouver, Kanada

Die gesaghebbende ***Frommer's*** reisgids skryf as volg oor die ***NORWEGIAN JEWEL***:
"The *Norwegian Cruise Line's* ***Norwegian Jewel***, is a firm favourite and introduced some new features, including bowling. It has 1 197 cabins. The smallest of the rooms are not cramped. The public areas are bright and airy. The main showroom, the two-story *Stardust Theater*, holds 1 100 in comfy seating. It pulls of some pretty ambitious Broadway-style revues."

Frommer's ratings for the ***NORWEGIAN JEWEL*** on a scale of 1-5: **4½**			
Cabin Comfort & Amenities:	**4**	Dining Options:	**5**
Ship Cleanliness & Maintenance:	**5**	Gym, Spa & Sports Facilities:	**4½**
Public Comfort/Space:	**4**	Children's Facilities:	**5**
Décor:	**4**	Enjoyment Factor:	**4½**

The ***Norwegian Jewel*** operates ***Freestyle Cruising***. The most obvious difference between *Freestyle* and traditional cruising, is that the *Norwegian Jewel* has sixteen different restaurants available for meals on a flexible basis to suit guests, rather than the rigid two sitting system. Guests can plan their evening around what they want to do, rather than around fixed meal times.

Maandag, 30 Mei **VANCOUVER → KAMLOOPS** (middagete ingesluit)
Nadat ons om 07:00 in **Vancouver** vasgemeer het by *Canada Place*, is daar kans vir 'n laaste ontbyt aanboord. Om **08:30** begin ons vyf-dae Kanadese avontuur met ons luukse bus. Ons begin met 'n toer van die mooi hawestad se hoogtepunte, onder andere die enorme Stanley Park. Stap saam in die historiese *Gastown*, die geboorteplek van die stad, en moenie die ikoniese *Steam Clock* miskyk nie! Vancouver is Kanada se derde grootste stad. Vroegmiddag vertrek ons na **Kamloops**, waar ons oornag.

Dinsdag, 31 Mei **KAMLOOPS → JASPER** (ontbyt en middagete ingesluit)
Ons begin vandag deur verby die Bow-meer te ry na die *Columbia Icefield* in die ***Jasper Nasionale Park***, ook deel van die *Kanadese Rockies*. "*We will ride on the specially designed Ice Explorer onto the surface of the stunning* ***Athabasca Glacier****, followed by a walk on the Glacier Skywalk, a glass-floored observation platform 918 feet above spectacular glacier-formed valleys and rushing waterfalls. The Athabasca Glacier is the most-visited glacier in North America. It is one of the eight major glaciers of the Columbia Icefield.*" Alle toegangsgelde ingesluit. Oornag in die omgewing.

Ry saam op die *Ice Explorer* in die *Jasper Nasionale Park*

Die mooie *Lake Louise* in die *Banff Nasionale Park*

Woensdag, 1 Junie **JASPER → BANFF NATIONAL PARK** (ontbyt en middagete ingesluit)
Ons begin 'n interessante dag by die berge van die ***Glacier National Park***. Ons volg die Rogers Pas ('n nasionale Historiese Site van Kanada) deur die Selkirk-berge. Ons besoek die Bow-waterval. Een van die hoogtepunte van ons toer is 'n rit op die *Sulphur Mountain Gondola*. Ons het asemrowende uitsigte op die *Banff Nasionale Park* vanuit die besigtigings-gondolas (toegangsgeld ingesluit). Oornag in **Banff**.

Donderdag, 2 Junie **BANFF NP → LAKE LOUISE → REVELSTOKE** (ontbyt en middagete ingesluit)
Die ***Banff Nasionale Park*** is die oudste nasionale park in Kanada – en een van die eerstes in die wêreld – en huisves 'n ysige, maar pragtige landskap. Hoogtepunte sluit die Moraine-meer, Vallei van die Tien Pieke en die besondere *Lake Louise* in. *Lake Louise* is bekend vir haar besondere blou-groen kleur. Oornag in **Revelstoke**.

Vrydag, 3 Junie **REVELSTOKE → VANCOUVER** (ontbyt en middagete ingesluit) →
Na ontbyt pak ons die pad terug na Vancouver aan. Ons stop vir middagete. Vroegaand arriveer ons by die Vancouver lughawe. Vanaand moet ons Kanada groet! Ons *British Airways*-vlug, **BA084**, vertrek om **20:35**. Aandete en oornag op die vlug.

<u>Saterdag, 4 Junie</u> **→ LONDEN →**
Ons arriveer om **13:50** in Londen. Daar is kans om 'n bietjie bene te rek en die Heathrow-lughawegebou te verken. Ons aansluitingsvlug na Johannesburg, BA 055, vertrek om **19:05** en ons aansluitingsvlug na Kaapstad, BA059, vertrek om **21:40**. Aandete en oornag op die vlug.

<u>Sondag, 5 Junie</u> **→ JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Na ontbyt en 'n wonderlike belewenis van ***Alaska en die Kanadese Rockies*** arriveer ons vlugte om **07:05** in Johannesburg en om **10:10** in Kaapstad.

INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Vlugte in die ekonomiese klas met ***British Airways*** en ***Alaska Airlines*** soos in die reisplan uiteengesit. Daar is 'n bybetaling van R1 680 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ 'n Agt dae bootvaart deur Alaska op die ***Norwegian Jewel***. Akkomodasie in "*inside cabins*" met alle maaltye, vermaak en hawe-belastings ingesluit.
- ✓ Elke kajuit ontvang ook 'n gratis Internet-pakket van 250 minute en die geleentheid om by die *Ultimate Beverage Package* (waarvoor die addisionele diensfooie R1 980 pp beloop) in te skakel.
- ✓ Bystand om die land-ekskursies tydens die bootvaart so billik as moontlik te doen.
- ✓ Verblyf (met ontbyt ingesluit) vir een nag in Seattle en een nag in Anchorage.
- ✓ Alle vervoer tussen lughawens, hotelle en hawens.
- ✓ 'n Halfdag stadstoer van Seattle.
- ✓ 'n Panoramiese busrit van Anchorage na Seward: *Anchorage to Seward narrated Wildlife tour* (met 'n plaaslike toergids).
- ✓ 'n Vyf-dae bustoer van Vancouver na die Nasionale Parke van die *Rockies*, wat die volgende insluit:
  - ❖ Luukse lugverkoelde busvervoer deurentyd.
  - ❖ Vier nagte hotel-akkomodasie in standaard-hotelle.
  - ❖ Ontbyt en middagete daagliks.
  - ❖ Alle besigtiging soos in die reisplan beskryf.
  - ❖ Toegangsgelde ter waarde van $94 vir die *Snow Explorer*, *Skywalk* en *Lake Louise Gondola*.
  - ❖ Die dienste van 'n plaaslike toergids.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.
- ✓ Vir addisionele gemoedsrus is groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** ook ingesluit vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling). Dié reisversekering sluit onder andere die volgende in (met sekere polis-voorwaardes):
  - ❖ *Medical and related expenses (due to illness or injury): R50 million per person, this includes emergency medical and related expenses should a traveler contract the Covid-19 virus during a journey.*
  - ❖ *Additional accommodation expenses incurred as a result of contracting the virus during the journey is also included. Medically required quarantine costs are limited to R2 500 per day (with a max benefit limit of R25 000).*
  - ❖ *International journey cancellation or curtailment: R30 000 per person.*
  - ❖ *Luggage lost or delay: up to R20 000 per person.*

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die voorlopige toerkoste van **R59 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Augustus 2021 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R14,50.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- ➢ Die bybetaling vir 'n opgradering na 'n buite-vensterkajuit beloop **R5 890** per persoon vir die sewe nagte.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Ons sal help so ver ons kan met die Amerikaanse en Kanadese visum-aansoeke en aan elkeen die nodige stawende dokumente verskaf.
- ➢ Ten einde in die VSA en Kanada te kan toer, moet alle toerlede ten volle ingeënt wees teen Covid-19.
- ➢ Verpligte diensfooie van **R1 420** ($14 per dag) vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- ➢ Begroot ongeveer **R2 500** vir opsionele land-ekskursies tydens die bootvaart.
- ➢ Ten minste 22 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R7 000** moet so gou as moontlik vereffen word. Die balans van die reisgeld moet **voor 18 Februarie 2022** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende bankrekening:

Nedbank: 119 1533 964	Tak: *George*	Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel*	Tipe rekening: Besigheids	Verwysing: ALASKA/ en u van

Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel nr: 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995

BRITISH AIRWAYS